

Die Rietfluit


Familiebrief - Mei 2004



FANTASTIESE FAMILIES

Spy work- that's easy. Keeping a family together- that's difficult, but worth fighting for!

- Vanuit Christelike oogpunt is daar oorgenoeg rede om opgewonde en positief oor families te wees by
 1. Families kom van die Here af en lê na aan Sy hart!
 2. God gee alles wat nodig is om as fantastiese families te leef.
 3. Ouerskap is 'n vreugde en hoogste aardse roeping!
 4. Ouers is God se voorkeur instrumente om lewens van kinders te vorm (Ouers is soms weerloos: tsv alles wat reg doen kies kind eie pad)
- Volgens **Galasiërs 5:13 ev** is ons werklik vry en leef ons onder God se glimlag. Die effek hiervan= nuwe lewe wat anders is.
Veral in een opsig: **dien mekaar in liefde!**



Tema: Fantastiese families dien mekaar in liefde

1 **Sonder dienende liefde is die familiekring 'n plek van seerkry (vs15)**

- Soos 'n trop wilde honde wat mekaar verskeur!
- Oplossing: vervang die onderlinge byterigheid met dienende liefde.

2 **God se prentjie van dienende liefde**

Waarheen met opvoeding op pad? Wil wat bereik? Wat is God se verwagting vir familieverbande? Wat is die karaktertrekke wat fantastiese families se lede kenmerk? Gal. 5:22 gee die antwoord!

1. **Liefdevol:** wys dat jy omgee vir ander familielede!
2. **Vreugdevol:** stel jou daarop in om jou familiekring 'n plek van vreugde te maak. Geniet mekaar!!!
3. **Vredevol:** fantastiese families werk hard om te keer dat hulle nie onnodig baklei en lelik rusies maak nie. Waak teen magstryd.
4. **Geduldig:** onthou almal van ons in familie is onvolmaak en nog nie heeltemal wat ons moet wees nie. Boonop is kinders ook nog onvolwasse. Hou dit in gedagte en ook hoe God met ons maak (vgl Ps 103:14)
5. **Vriendelik:** laat jou lewe oop wees vir ander, vol warmte en hartlikheid. Ouers is opvoeders, nie pelle met kinders nie!
6. **Goedhartigheid:** doen goeie dinge vir mekaar.
7. **Getrouheid:** kan altyd op mekaar reken.
8. **Nederig:** Ken jou plek voor God en mekaar.
9. **Selfbeheersing:** Gee nie aan negatiewe gevoelens, buie, begeertes en 'n sondige aard vrye teuels nie. Stel duidelike grense vir kinders!




3 **Deur die Heilige Gees kan ons dit regkry om dienende liefde uit te leef**

- Vrug van die Gees= HY maak dit moontlik!
- Daarom is Christenskap so belangrik. Ons het groot voordeel bo ander!
- Ons moet aktief saamwerk met Heilige Gees (vgl vs 18,25)
- Ons werk saam deur te kies soos ons weet HY wil hê ons moet optree!

Slot: Fantastiese families dien mekaar in liefde! Kies om so 'n fantastiese familie te word! JY kan 'n verskil maak in jou familiekring!

FANTASTIESE FAMILIES EN KOMMUNIKASIE



Spreek 8:6: “Luister, want wat ek sê, is die moeite werd”

Kommunikasie in die huisgesin beteken bloot dit: om die een hier by my so belangrik te ag dat ek na sy woorde wil luister en my woorde en gedagtes; hetsy groot of klein, met hom/haar wil deel. En dan en veral ook doodgewone, alledaagse dinge waaruit die lewe bestaan.

Hoe lyk dit daar by julle?

- *Driekwart van die gesin sit apart in hul eie kamers en aan tafel hoor ons net die klank van messe en vurke op borde. Die enigste ander klanke is dié van die TV-stel (op sigself geen sonde) maar die enigste ‘stem’ in die huis? Kommunikeer ons net as ons baklei/verskil?*

Of

- Babbel en lag ons nog saam? Maak ons nog ‘n punt daarvan om nie net ons kos nie, maar ook mekaar se teenwoordigheid te geniet en *elkeen* se bydrae tot die gesprekke belangriker te ag as enigies anders?

Op laasgenoemde wyse werk ons mee aan ‘n positiewe, gesonde gesinslewe wat dit vir almal betrokke lekker maak en ‘n hegte band smee wat ‘n wonderlike getuigenis na buite is vir ons huis.

Sterkte daarmee! Dit is binne ons almal se bereik!

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Danksy ‘n meelewende gemeente hou **Diens van Barmhartigheid** nog kop bo water. Elke bydrae, in watter vorm ookal word met opregte dank erken.

Die Werksklas onder leiding van Afke Hepkema en haar helpers lewer steeds ‘n waarderende diens. Daar is nog plek vir vroue wat Afrikaans of Engels wil leer lees of skryf. Afke kan by 012-330 1400 in hierdie verband gekontak word.

Alimentasie word verleen waar hulp dringend benodig word.

Aan Huis Yana se inwoners word deurlopend aandag gegee.

Willem Marais en Luuk Hepkema sit skouer aan die wiel om bedkassies vir Huis 4 se kinders te maak. Dit behoort ‘n groot probleem op te los met die aan die kant hou van die kamers – sê wie!!
Baie dankie Willem en Luuk!

Die Begrafnisbediening sal bly wees om te hoor van nog dames wat kan help met skinkbeurte. Tree met Winnie Lourens by 012- 331 0860 in verbinding indien u kan help.

Siekesor is dringend op soek na persone wat hulle weg oop sien om twee siekes per week te besoek. Daar is veral ‘n ernstige tekort aan mans om Pierre Malan (Tel 012-331 3119) hierin by te staan.

Dankie ook aan almal wat gereeld 'n bydrae vir die koskas bring. Brood-vir-Nood het veral 'n behoefte aan blikkies vleis en vis, ook aan komberse, truie en baadjies. Dit is nog vroeg winter, maar die behoefte aan warmgoed is reeds groot.

Onthou asb. koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand. Baie dankie vir u ondersteuning.

SENIOR LIDMATE BEDIENING

Aandag alle Senior Lidmate - en alle belangstellendes.....

Die Kerkraad het dit op 'n stadium nodig gevind om 'n Bediening in die lewe te roep wat dit ten doel moet hê om na die wel en weë van Senior Lidmate (65+ jaar) in die Gemeente om te sien.

Hierdie Bediening is reeds vir etlike jare werksaam –

Belangrike inligting

- Ds. Ernst Rischmüller te Ben Swartstraat 688, tel.no. 012 330 0632 en 082 728 8406 tree as Pastorale hulp vir alle senior lidmate op.
- Die Bedieningsgroep is werksaam onder die Voorsitterskap van Ouderling P.J. Barnard ten 12de Laan 673, tel.nr. 012 331 0765

. Die **Kuierhoekie**



is vir sosiale ontspanning

Die Bediening doen hiermee 'n beroep op alle betrokke Senior Lidmate om:

- Vas te stel of u naam op die bestaande lys wat deur die Bediening saamgestel is, verskyn want die Bediening is van plan om almal in die genoemde ouderdomsgroep te besoek;
- Deurgaans vrymoedigheid te neem om met die Bediening te skakel oor enige behoefte wat u mag hê soos en wanneer dit ontstaan; en
- Maak asb kontak met die skakelpersone indien u by die Bediening betrokke wil raak. Ons wil graag selfversorgend wees en het daarom werkkragte nodig om by die Bediening in te skakel. Jongmense wat graag op hierdie terrein behulpsaam wil wees, is ook baie, baie welkom.


Tree asb in verbinding met die Skriba (331 33531) of Ouderling Chris Ebersöhn (331 3100).




Ken julle hierdie diertjie?
hulle eet?

Onthou Bert Bower se briefies!

Die Penniefluitjies



Weet julle waar hulle leef en wat
(Soek die antwoorde iewers in die familiebrief)



Aan: Bert Bower

Rietfluit Redaksiehuis, Boom 3, Tak 4, Rietfonteinspruit

EREDIENSBEDIENING



PREEKSSETS

Lees Genesis 12

Abraham is vir ons 'n rolmodel van iemand in die Bybel wat 'n afspraak met God nagekom het.

Ons leer:

1. God reik altyd eerste uit na die mens

God roep Abram. Hy het geen aanspraak gehad op 'n ontmoeting met God nie, hy was dalk nie eers bewus van God nie!

2. God se soeke na 'n mens is genade, niemand verdien dit nie

Abram is nie gekies op grond van sy prestasies nie. Geen rede word aangevoer waarom nou juis Abram nie = genade. Op sy pad van saamloop met God ontdek hy telkens wat genade is, hoe God genadiglik ingryp in sy lewe.

3. God soek mense met die doel om hulle in Sy diens te gebruik

God se bemoeienis is nooit doelloos nie. Abram word geseën om ander tot seën te wees (Gen 12:2).

4. 'n Ontmoeting met God is nie net verlossend nie, maar 'n indiensneming

Abram moes die vreemde in trek om aan sy roeping te beantwoord. Iemand wat deur God geroep word, het 'n opdrag = die uitdaging om die onbekende in God se krag aan te durf. Dit vra baie keer 'n koersverandering. Soos in Abram se geval kan dit veeleisend wees! (Bv. Isak te gaan offer).

5. Wanneer 'n ontmoeting met God goed afloop, loop dit uit op 'n saamloop met God

Gehoorzaamheid aan God loop uit op 'n hegte gemeenskap met God. Hoe verder Abraham met God saamgeloop het, hoe inniger het sy verhouding met God geword. Verlang ons nie daarna nie?

6. Geloof is die manier wat ons met God die pad saamloop nadat Hy jou ontmoet het

Geloof is 'n manier van lewe. Bybel noem hierdie manier van lewe *gehoorsaamheid* — lees Gen. 15:6.

Opgesom:

By Abraham 2 faktore in sy lewe. *Genade* (jy is voorwerp van God se liefde) en *gehoorsaamheid* (manier wat jy die genade beantwoord!).

Antwoorde: Vir die Penniefluitjies..
Koala beer,

Vaal buideldiertjie, leef in Australië, eet Eucalyptus blare(bloekomblare)

KERK SE BANKBESONDERHEDE

Vir persone wat enige inbetalings in die kerkrekening wil doen (of aftrek-order wil reël)

NG Gemeente Rietfontein-Suid Bank - ABSA

Tak - Ben Swart, Takkode - 334 645

Rek nr. - 090197797

BESTELLINGS MET GELD MOET BY DIE KERKKANTOOR WEES

BESTELVORM VIR 50-JARIGE FEESJAAR CD

Naam VOOR	Aantal CD's	Tel nr.	Se. Nr.	Bedrag

Koste: R50 per CD — kontant met bestelling. Die CD bevat foto's en artikels van die volgende:

Kerkinwyding 1965 / Predikante en gesinne 1954 — 2004 / Feesblad — 25 jaar 1979 / kerkprogramme van lank gelede / 2003 gemeentekamp / Nuwe Lidmate, Jeug — ook Belydenisklas van 2003 / Kerkraad en Dienswerkers 2004 / Blommerangikkings — verskeie geleenthede / Kansellede ens. / Kerkgebou / en nog baie meer. Die foto's kan op u rekenaar of DVD speler gekyk word of na 'n foto ontwikkelaar geneem word om die foto's wat u wil hê te druk.